HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 11**

**VRAESTEL 3: November 2015**

**STELWERK**

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Inligting en instruksies**

1. **Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoordboekie se voorblad neer. (Jordaan, Gilbert, Middleton, Meiring, Bothma, Haluman).**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.**
   **Afdeling A. Opstel (50)**
   **Afdeling B. Lang Transaksionele Skryfstuk (30)**
   **Afdeling C. Kort Transaksionele Skryfstuk (20).**

3. **Jy moet 1 vraag uit elke afdeling beantwoord.**

4. **Skryf die NOMMER en TITEL van jou onderwerp duidelik bo-aan jou skryfstuk neer.**

5. **Wys deeglike beplanning.**

6. **Skryf jou EERSTE poging in potlood.**

7. **Trek 'n streep deur jou beplanning en eerste poging.**

8. **Doen die beplanning van elke afdeling op 'n skoon bladsy, skryf die eerste poging onderaan jou beplanning en skryf jou finale poging op 'n skoon bladsy.**

9. **Jy moet jou aantal woorde duidelik aan die einde van elke afdeling aandui.**

10. **Skryf netjies en leesbaar.**

## AFDELING A: OPSTEL

**Vraag 1.**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor.
- Skryf die **nommer en die titel** van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1. Dit was nou LEKKER!

1.2. Ek en my beste vriend/vriendin het verlede week 'n misverstand gehad.

1.3. Ek is gelukkigste wanneer ek…

1.4. Die man/vrou met die mes.

1.5. Die skoolhoof was daardie dag so gaaf teenoor my.


1.6. Die rol wat sport in my lewe speel.

1.7. Jy is genooi om die parlement van die Republiek van Suid-Afrika toe te spreek. Skryf nou jou toespraak. (Geen kru-taal of haatspraak nie)


1.8. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.8.1.) en die titel van jou opstel neer. Jy moet jou EIE titel gee vir die opstel.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband (connection) tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.8.1.




1.8.2.




1.8.3.



1.8.4.



**TOTAAL VIR AFDELING A: (50)**

**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die OPSKRIF van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Onthou die formaat.**

**2.1 DIALOOG**



Jy het swak diens by'n restaurant ontvang. Jy kla by die bestuurder/es. Skryf nou die dialoog wat tussen julle twee plaasvind. [30]

**OF**


**2.2 HULDEBLYK**




Iemand wat 'n belangrike rol in jou lewe gespeel het, is oorlede. Skryf 'n huldeblyk oor hom/haar wat jy by die begrafnisdiens gaan lewer. [30]

**OF**

## 2.3 INFORMELE VERSLAG



Jy en 'n paar lede van 'n jeugklub het op Versoeningsdag, 16 Desember, iets positiefs vir die kinderhuis se kinders gedoen. Skryf 'n informele verslag waarin jy die res van die klublede hieroor vertel. [30]

**OF**

## 2.4 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

**Vakansie**

Jy was onlangs op 'n heerlike vakansie. Skryf aan 'n maat en vertel daarvan. [30]


**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80 - 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die OPSKRIF van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**

3.1. **INSTRUKSIES.**




Jy en jou ouers gaan vir 'n week weg en jou vriend het ingestem om die troeteldiere en huis op te pas.

Skryf nou 'n lys van 8 goed wat hy moet doen om te verseker dat alles glad verloop. (20)

**OF**


3.2. **UITNODIGING**



Dit is oor twee maande jou 18de verjaarsdag. Ontwerp nou die uitnodingskaartjie wat jy aan al jou familie en maats wil stuur. Onthou om al die besonderhede oor die partytjie/ete in te sluit. (20)

**OF**

3.3. **PLAKKAAT**



Die bekende musiekgroep EEN kom aan die einde van die jaar, na die eksamens, vir een aand konsert hou by jou skool. Ontwerp 'n plakkaat waarop jy die vertoning adverteer. Onthou om detail in te sluit oor die datum, tyd, prys ensovoorts. Die konsert is SLEGS vir tieners tussen die ouderdom van 15 en 18. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL:100**